POLITIEKE WAPENSTILSTAN MAAND VAN DIE EEUFEES

Genl. Hertzog Doen Beroep Wat Onmiddellik Weerklank Vind

Volgende op 'n beroep om 'n politieke wapenstilstand gedurende die Eeufeesmaand gister deur genl. J. B. M. Hertzog, hoofleier van die V.S.A. Nasionale Party, op Boshof, het die leiers van die Party in Transvaal, Kaapland en Natal vanoggend aan „Die Vaderland" meegedeel dat hulle spesiale stappe doen om toe te sien dat daar van die kant van die V.S.A. Nas. Party tot ná die Eeufees geen politieke bedrywighede sal plaasvind nie.

(Van Ons Politieke Korrespondent.)

PRETORIA, 25 Nov. — Die maand Desember sal deur die V.S.A. Nas. Party in al vier Provinsies eerbiedig word as 'n maand van politieke wapenstilstand ooreenkomstig die beroep wat die Eerste Minister, genl. J. B. M. Hertzog, gister op Boshof gedoen het.

So sterk is die begeerte aan die kant van die Provinsiale leiers van die Party om die volk rus te gee op politieke gebied, dat sen. A. P. J. Fourie, leier van die Party in Kaapland, dit selfs op hom geneem het om die jaarlikse kongres van die Party wat op 8 Desember op De Aar sou plaasgevind het, uit te stel.

Sen. Fourie het vanoggend in 'n persgesprek met my verklaar dat hy dadelik gevoel het dat die beroep van die Generaal na die wens sou wees van die hele volk. „Ons kan nie elke dag Eeufees vier nie, maar elke dag die geleentheid skep om te twis as ons wil," het hy verklaar. „Om dus die maand Desember af te sonder en aan die herinnering van die groot dade van ons voorouers te wy en tot besinning en besinking te kom oor wat van ons verwag word vir die toekoms, skyn vir my nie net onvermydelik nie, maar oor-noodsaaklik. Ek is seker dat Kaapland se Party-lede gretig aan die versoek van die Eerste Minister sal wil voldoen. Ek het dit dus as voorsitter op my geneem om die kongres wat aanstaande maand op De Aar sou gehou word, uit te stel. Ek wil 'n beroep op ons Party-lede en koerante doen om hulle stiptelik nie net aan die letter van die beroep van ons leier, genl. Hertzog te hou nie, maar ook aan die gees daarvan. Ek weet Kaapland sal dit doen. Ons sal later besluit waar en wanneer die kongres gehou sal word."

Ook Transvaal

Genl. J. C. G. Kemp, leier van die V.S.A. Nas. Party in Transvaal, wat gister aanwesig was op Boshof toe die Eerste Minister die beroep gedoen het, het hom in 'n persgesprek hard en siel met die Eerste Minister vereenselwig. „Ek wil aan ons Party-lede in Transvaal vra om ons leier se beroep in woord en daad uit te leef. Gee die politiek vakansie in Desember. Stel alle politieke vergaderings, funksies, ens., af in Desember. Ons wat vandag leef, sal nooit weer die kans kry om Voortrekker-eeufees te vier nie. Laat die maand Desember dus vir elkeen van ons 'n Voortrekkermaand wees, 'n maand waarin ons ons gedagtes laat teruggaan oor die gebeurtenisse van die afgelope honderd jaar.

Dit was 'n eeu waarin groot dinge gebeur het en waarin groot dade verrig is. Laat ons ons gemoedere reinig van die politiek om al wat groot, edel en mooi in ons geskiedenis is, in die regte lig en perspektief te kan sien. Dit sal ons as volk in staat stel om in die regte stemming te kom om opregte hulde te kan bring aan ons voorgeslag by geleentheid van die grootste nasionale gebeurtenis in ons volk se geskiedenis, nl. die eeufeesviering van die Groot Trek.

„Politieke stilte sal ons help om by hierdie altaar van ons volk die lig te kry van wat ons taak sal wees in die volgende honderd jaar. Daar sal ons die stem van die verlede hoor spreek tot die hede en die toekoms. Deur die politiek 'n maand met vakansie uit ons midde weg te stuur, sal ons die stem helder en suiwer kan aanhoor," het die Generaal gesê.

Natal se Geesdrif

Sen. C. F. Clarkson, leier van die V.S.A. Nas. Party in Natal, het hom heelhartig ten gunste van die beroep van die Eerste Minister uitgespreek. Desembermaand, verklaar hy, is altyd 'n maand van stilte op politieke gebied in Natal, maar vanjaar is dit nog meer as ooit voorheen nodig dat ons politieke rus en stilstand sal hê. Hy wil op die Party-lede in Natal 'n beroep doen om alle skyn van politiek in Desember uit hulle midde te weer.

Die pragtige ontvangste wat die Voortrekkerwaens reeds in Natal en veral in Durban te beurt geval het, sê sen. Clarkson, toon afdoende hoe ook Natal hulde wil bring aan die Voortrekkers.

Die Engelse pers in Natal het in hierdie opsig 'n pragtige gees aan die dag gelê met huldigende artikels van die dade van die Voortrekkers en die betekenis van die Trek vir die Suid-Afrikaanse nasie. Die politieke wapenstilstand sal meehelp om die eeufeesviering-geleenthede te maak nasionale feeste in die ware sin van woord, het hy verklaar.